NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 3 JUNIE 2015 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Cloete, C M
Cox-Bruintjies, Y S
Geel, B W
Goliath, M S I
Sedeman, A C
Stemele, O M
Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl F S Humphreys.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 6 MEI 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 6 Mei 2015 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 VOORLEGGING DEUR AQUA-LOC RAKENDE DIE WATERBEHEER- EN WATERLESINGSMEGANISME

Die voorsitter van die Portefeuljekomitee vir Administrasie, rdl M van Zyl, verwelkom mnre Ainsley Bhana, Grant January en Desigan Govender van Aqua-Loc waarna die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper verduidelik ddie doel van die voorlegging is om raadslede volledig in te lig aangaande die wateradministrasie van Swartland Munisipaliteit m.b.t. die "waterbeheer- en waterlesingsmeganismes".

Mnr Bhana, eienaar van Aqua-Loc, behartig die voorlegging en noem dat die loodsprojek vir die *Automatic Meter Reading (AMR)* in Abbotsdale, gedoen word en bedank die munisipaliteit vir hul bereidwilligheid om deel te vorm van die projek.

Mnr Bhana noem verder die volgende aan die komitee:

i) Al die apparate is goedgekeur ingevolge die SABS-voorskrifte;
ii) Swartland Munisipaliteit koop die apparaat aan by Aqua-Loc en indien 'n fabrieksfout intree, sal dit sonder enige kostes aan die Raad, vervang word;
iii) 'n tegniese span is 24-uur per dag beskikbaar en volledige opleiding word aan amptenare voorsien;
iv) wanneer die kwota water deur die verbruiker ten volle deur die dag gebruik word, sal die kwota water weer om 00:00 aan die verbruiker beskikbaar gestel word;
v) die watermeterboks is gewaarborg vir 50-jaar en dit moet nooit verwyder word nie aangesien dit tot hoë koste vir die munisipaliteit kan lei. Indien die meganisme binne die watermeterboks vervang moet word, kan dit gedoen word sonder om die watermeterboks te verwyder;
vi) alle watermeterbokse is dieselfde en die enigste verskil is die funksionaliteit en aanwending van die apparaat wat in die boks geïnstalleer word;
vii) waterlesingsmeganismes moet elke 5 – 8 jaar vervang word, en i.p.v. om die hele meganisme te vervang kan die kapsule op die apparaat net vervang word en dus sal die munisipaliteit 'n splinternuwe apparaat teen minimale kostes bekom;
viii) meterlesing kan gedoen word sonder om die watermeterboks oop te maak;
ix) die apparaat kan vasstel of daar enige waterlekkasies op die erf is;
x) die apparaat kan vasstel of daar enige pogings was om die stelsel te manipuleer;
xi) om die moontlikheid van foutiewe vaslegging van lesings, per hand, te illimineer, skakel die lesingsprogram in met die program wat vir rekeninge gebruik word, en sodoende word die lesings outomaties na die rekening deurgestuur;
xii) m.b.t. die lesing van watermeters, 1 lesing-ontvanger kan tot 10 000 meters op 'n keer lees.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp - na aanleiding van 'n vraag vanaf rdl C Cloete – noem dat volledige inligting aangaande die waterbeheermeganismes aan die eienaars van die erwe waar die apparate geïnstaleer is, verskaf is.

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper, noem verder dat m.b.t. die 50 meters wat by die ontoeganklike erwe geïnstalleer is, 'n publieke deelname proses geïnisieer was met die betrokke huiseienaars.

Die voorsitter bedank die verteenwoordigers van Aqua-Loc vir hul bereidwilligheid om 'n voorlegging aan die raadslede te doen.

Na aanleiding van die vrae wat deur raadslede gestel is, is daar **BESLUIT**[1] dat 'n werkswinkel gedurende Julie 2015 gehou sal word wat slegs oor die waterbeheer-meganismes sal handel.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2015

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

[1] Sien toevoeging ingevolge UBK-notule gedateer 10 Junie 2015

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir April 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2015

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

Die voorsitter versoek dat indien raadslede bewus is van persone wie ongemagtig ’n deernissubsidie ontvang, dat dit spoedig moontlik aan die amptenare gerapporteer word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die maanderslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir April 2015.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Wnde Voorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Stanley, B J
Van Zyl, M
Wilskut, W
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F
Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:58 ’n aanvang.

Die onder-Voorsitter, rdl O M Stemele dien as voorsitter van die vergadering.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Fortuin wat voor die aanvang van die vergadering ongesteld geraak het.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 6 MEI 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl N S Zatu)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 6 Mei 2015 as korrek bekragtig word.

.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: APRIL 2015

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

5.1.2/...

Rdl N S Zatu bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir die suksesvolle uitrol van die EPWP-projekte soos in die maandverslag gerapporteer.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, behandel die maandverslag vir April 2015 en verduidelik die omstandighede aangaande twee groot kragonderbrekings wat in Darling op onderskeidelik 14 April en 29 April 2015 plaasgevind het.

Mnr du Toit noem verder dat die kapasiteit van ESKOM verbeter het en dat Koeberg 1 weer aanlyn is. Dit kan egter nie bevestig word dat beurtkrag nie in die korttermyn toegepas sal word nie.

Mnr du Toit noem – na aanleiding van 'n vraag vanaf rdh Rust – dat Medupi eenheid 6 is gesinchroniseer en by die netwerk ingeskakel, alhoewel dit nog slegs op 'n toetsvlak is. Die eenheid het wel bewys dat dit sy maksimum kapasiteit energie kan lewer sonder enige probleme.

Mnr du Toit versoek – na aanleiding van 'n vraag vanaf rdl Van der Merwe – dat lg. besonderhede en meer inligting voorsien om die kwessie aangaande die aansluitingsbedrae van ESKOM op te volg.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl N S Zatu)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir April 2015;

(b) Dat rdl J I Van der Merwe inligting aan die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste deurgee aangaande die bedrae wat ESKOM aan inwoners deurgegee het vir die aansluiting van hul elektrisiteit om die aangeleentheid op te volg.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Geel, B W
Goliath, M S I
Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Sedeman, A C
Sneewe, A M
Stanley, B J
Traut, L
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte: me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 11:21 ’n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 6 MEI 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 6 Mei 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2015

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

5.1/...

Die Direkteur: Beskermingsdienste behandel die maandverslag vir April 2015. Mnr Humphreys noem dat, met die goedkeuring van die Uitvoerende Burgemeester, 'n vergadering voor die Portefeuljekomitee plaasvindwaar die onderskeie verslae vanaf sy departement meer deeglik bespreek word.

Rdl Stanley versoek dat spoedwalle, stopstrate en toegeetekens in Chatsworth aangebring word, aangesien daar tans 'n gebrek is aan hierdie verkeerstekens en die spoedlimiet word deur baie motorbestuurders verontagsaam.

Rdl Stanley noem verder dat daar 'n erf is wat tot op die randsteen omhein is en a.g.v. die heining, word die sig t.o.v. aankomende verkeer versper.

Mnr Humphreys noem – na aanleiding van 'n versoek vanaf rdl Sneewe – dat gesprekvoering met die Provinsiale Verkeersafdeling sal plaasvind aangaande die probleme wat ondervind word t.o.v. Evita Bezuidenhoutrylaan.

Die voorsitter versoek – na aanleiding van 'n vraag vanaf rdl Philander – dat lg. met die Direkteur: Korporatiewe Dienste ontmoet om die Gelyke Indiensnemingbeleid te bespreek.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A M Sneewe, gesekondeer deur rdl B W Geel)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die April 2015 asook die maandverslag van onderskeidelik die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling;

BESLUIT VERDER

(b) Dat kennis geneem word van die versoek vanaf rdl B J Stanley rakende die tekort aan spoedwalle en verkeerstekens;

(c) Dat rdl Stanley versoek word om die inligting t.o.v. die omheining van die erf tot op die randsteen aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste te voorsien vir verdere ondersoek;

(d) Dat kennis geneem word van die versoek vanaf rdl A M Sneewe aangaande die verkeersprobleme wat ondervind word t.o.v. Evita Bezuidenhoutrylaan en dat die Direkteur, Beskermingsdienste met die Provinsiale Verkeersafdeling ontmoet om hierdie kwessie aan te spreek.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 OUDITVERSLAE VIR MALMESBURY EN MOORREESBURG BESTUURDERS-LISENSIE TOETSSTASIE (DLTC) EN MALMESBURY VOERTUIGTOETS-SENTRUM (17/6/B)

'n Oudit was deur inspekteurs van die Provinsiale Departement van Vervoer by die Bestuurslisensie- en Voertuigtoetsstasies in Malmesbury en Moorreesburg op onderskeidelik 6 en 7 Mei asook 14 Mei 2015 gedoen..

AANBEVELING
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat die komitee kennis neem van die ouditverslae en dat daar geen negatiewe bevindinge is nie ten opsigte van die Bestuurs- en Leerlinglisensies behalwe die remtoetsapparaat in Malmesbury;

(b) Dat die komitee verder kennis neem dat goedkeuring verleen is om die remtoetsapparaat te vervang;

6.1/(c)...

(c) Dat die komitee sy waardering uitspreek teenoor die personeel betrokke by hierdie funksie.

6.2 AFKONDIGING VAN DIE NASIONALE PADVERKEER REGULASIES VIR KOMMENTAAR (STAATSKENNISGEWING NO. 38772 VAN 11 MEI 2015) (17/6/B)

Staatskennisgewing no. 38772 was op 11 Mei 2015 gepubliseer wat die publiek in kennis stel om kommentaar te lewer aangaande die nuwe voorgestelde Nasionale Padverkeersregulasies.

Die volgende veranderinge aan die wetgewing is voorgestel:

i) Bestuurders moet geherevalueer word wanneer bestuurderslisensies hernu word;
ii) Dat nie meer as vyf werkers agterop 'n bakkie vervoer word nie;
iii) Skoolkinders nie agter op 'n bakkie vervoer word nie;
iv) Spoedgrense verminder word vanaf 60 km/h na 40 km/h in stedelike gebiede, van 100 km/h na 80 km/h in landelike gebiede en vanaf 120 km/h na 100 km/h op snelweë wat deur 'n woongebied loop;
v) Goedere voertuie bokant 9000 kg GVM gedurende spitstye (tussen 06:00 en 09:00; en 17:00 en 20:00) vanaf publieke paaie verban word.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

a) Dat die komitee kennis neem van die voorgestelde wysigings van die Verkeersregulasies, soos uiteengesit in die kennisgewing;

b) Dat indien enige raadslid kommentaar wil lewer op die voorgestelde wysigings, dit skriftelik gedoen word voor of op 6 Junie 2015.

6.3 KONSEP WITSKRIF OP DIE POLISIE EN KONSEP WITSKRIF OP VEILIGHEID EN SEKURITEIT (17/5/B)

Staatskennisgewing no 178 van 2015 was op 3 Maart 2015 gepubliseer om die publiek in kennis te stel van die Konsep Witskrif op die Polisie sowel as die Konsep Witskrif op Veiligheid en Sekuriteit, ten einde kommentaar daarop in te win.

AANBEVELING

a) Dat kennis geneem word van die Konsep Witskrif op die Polisie sowel as die Konsep Witskrif op Veiligheid en Sekuriteit;

b) Dat verdere kennis geneem word dat publieke kommentaar t.o.v. hierdie dokumente uitgenooi word.

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: APRIL 2015

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel en word –

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir April 2015.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 AFWYKING: ERF 3708, MALMESBURY (WYK 8) (15/4/2-8)

'n Bouplanaansoek is ontvang vanaf die eienaar Sweet Lime Properties 35CC op erf 3708, Malmesbury waar 'n transmissietoring voorgestel word.

Die voorgestelde transmissietoring oorskry die 21m hoogte beperking tot 25m.

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op erf 3708, Malmesbury ten einde af te wyk van die 21m hoogte beperking na 25m.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die aansoek om afwyking op erf 378, Malmesbury, na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee terugverwys word vir verdere ondersoek.

8.2 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 9382, MALMESBURY (WYK 10) (15/3/10-8/Erf_9382)

Aansoek word gedoen namens die eienaar Mnr G H Smit vir 'n vergunningsgebruik op erf 9382, geleë te Simmentalerstraat, Malmesbury vir 'n tuisberoep (±33m²) ten einde die Doggy Doo hondesalon vanaf die perseel te bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op erf 9382, Malmesbury ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tuisberoep (hondesalon), goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die tuisberoep (hondesalon) beperk word tot ±33m² van die woonhuis soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) dat die vergunningsgebruik beperk word tot die eienaar/bewoner van erf 9382, en sodanige vergunning sal verstryk indien die betrokke eienaar die grond ontruim;
(c) dat die aantal honde wat die hondesalon besoek beperk word tot 'n maksimum van 5 honde per dag;
(d) dat geen honde buite die motorhuis aangehou word nie;
(e) dat die dominante gebruik van die woonhuis vir bewoning deur 'n enkel gesin moet wees;
(f) dat geen gedeelte van so 'n woonhuis en geen tuisberoep, gebruik mag word vir die doel van 'n hindernisbedryf, 'n risiko-aktiwiteit of die verkoop van alkoholiese drank nie;
(g) dat geen goedere wat te koop aangebied word, in die openbaar uitgestal mag word nie en geen eksterne tekens van 'n tuisberoep mag sigbaar wees van die straat nie, behalwe 'n reklamebord in ooreenstemming met (h);
(h) dat geen reklamebord vertoon mag word anders as een onverligte teken of kennisgewing wat nie oor die straat uitsteek nie, en sodanige teken mag nie 2000cm² in oppervlak oorskry nie en mag slegs die naam, telefoonnommer en professie of beroep van die bewoner aandui;
(i) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(j) dat geen produkte, goedere, of voorraad wat verband hou met die tuisberoep op die grondeenheid buite 'n gebou gestoor mag word nie;
(k) dat nie meer as vier persone in totaal in die tuisberoep-aktiwiteite op die grondeenheid betrokke mag wees nie, insluitend die huisbewoner of -bewoners en enige assistente;
(l) dat nie meer as een handelsvoertuig met 'n bruto gewig van meer as 10 000 kg, vir die tuisberoep gebruik mag word nie, met dien verstande dat 'n voertuig wat uitsluitlik deur die bewoner vir persoonlike gebruik aangewend word, nie geag sal word 'n handelsvoertuig te wees nie;

(m) dat die handelsure van die tuisberoep nie buite die ure 07h30 tot 17h30 vanaf Maandag tot Vrydag, sal strek nie;
(n) dat enige nuwe struktuur, of veranderings aan die bestaande woonhuis of buitegeboue, moet in ooreenstemming wees met die residensiële karakter van die betrokke gebied;
(o) dat voldoende op-perseel parkering voorsien word;

2. WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

3. RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluiting voorsien sal word nie;

4. VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die besigheid sowel as vir die wooneenheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word.

5. ALGEMEEN

(a) dat die beswaarmaker van hierdie besluit in kennis gestel word by wyse van geregistreerde pos en dat hy nie ‘n reg tot appèl het nie

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE